# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

5 Junie 2014

Dagsê Almal

Dankie Hemelse Vader weereens vir U getrouheid is my bede sedert verlede Donderdag. My vel voel te klein so opgewonde raak ek en toe ek stil raak besef ek die Here ken my hart en weet reeds al my kommer. Ek het sedert ek met die groente projek begin het kort-kort so klein bietjie aan myself en my vermoëns begin torring. Het ek nie ŉ te groot droom rondom die projek nie en is ek regtig bekwaam genoeg om dit te hanteer. Ek ken en verstaan nog nie alles van groente nie en so gebeur dit toe Donderdag. Henk skakel my en sê dat iemand artappels by my kom aflaai en dan wil hy so bietjie met my gesels. Ek sê baie dankie en so stop die bakkie met die sakke artappels, Fanie en Clinton voor die huis. Fanie vertel dat hy by die mark betrokke is en dat artappels en uie nie ŉ probleem sal wees as ek nodig sou hê nie. Hy lig my verder in dat hy ŉ agent op die mark het en dat ek met hulle moet skakel as ek ander groente ook nodig sou hê. My mond hang oop van verstomming want hierdie man dra geen kennis van die projek waarmee ek besig is nie. Met ŉ gemoed wat oorloop begin ek vir hom vertel waarmee ek besig is en dat hy beslis gestuur is. Ons borrel saam oor van opgewondenheid want hy kry die groente baie goedkoop en laai dit op sy bakkie en lewer by verskeie gemeenskaps versorgings plekke af. Voor ons paaie skei vat ons hande en Fanie bid vir die sëen van die Here oor hierdie huis en die projek. Ek kry steeds hoendervleis wanneer ek aan daardie oomblik dink en nadat hulle gery het sê ek vir Petro ek voel so klein voor my Skepper omdat ek vir klein oomblikkies in myself begin twyfel het. Die Here gee met soveel getrouheid alles wat ons nodig het by hierdie huis op Sy tyd. Dankie Vader.

Die werk om alles voor te berei is aan die gang. Vandag kom ŉ kundige man wat weet hoe vir my die stoep se teels insit. Die teels het R1500 gekos en die werk gaan ŉ verdere R1000 uit ons rekening jag. Die verwer en material word geborg deur GK Lyttleton en ek wil vir hulle baie baie dankie sê want ons finansies kan nie hierdie ekstra uitgawes regtig bekostig nie. Die stoep se dak is darem ook nou op maar die elektriese installering moet nou eers gedoen word voordat ons kan verf en teel. Ek het groot asseblief hulp nodig met die elektrisiteit, verf en teelwerk. Hierdie deel van die bouwerk is ook krities want sodra dit klaar is kan ons die industriele borduurmasjien aanskaf om die naaldwerkprojek ook uit te brei.

Om dit vir almal makliker te maak om ŉ gereelde bydrae te maak is ons besig om ŉ debietorderstelsel in plek te kry. Ek sal teen volgende week gereed wees en ek sal bly wees indien u vir my kan laat weet of u bereid sal wees om vir slegs R100 p/m (of meer) ŉ maandelikse bydrae tot die huis kan maak. My doelwit daarmee is om binne 6 maande 1000 x R100 debietorders in plek te kry wat dan sal verseker dat Eljada Huis se finansies gesond sal bly vir die toekoms. Ons moet tans ernstig kyk na ŉ ander vervoermiddel want die rooi kombi se lewensduur is kort. Soos alle ou voertuie kos hy ons voordurend ŉ klomp geld om olielekke, waterlekke en ander jakkalsies uit te sorteer.

Ek het ook steeds vir Bernadine en 6 ander vir wie ons tande en brille moet laat maak. Die brille sal eers in Juliemaand wees want hul afspraak vir gratis toets is 9 Julie maar Bernadine se tande moet hierdie maand gedoen word. Baie dankie by voorbaat.

Ek wil nederig dankie sê vir almal se getroue gebede, bydraes en ondersteuning met veral kos, klere en ander lewensmiddele.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

**14 gesinne word tans versorg. 21 Mans, 19 vroue en 14 kinders en ons benodig:**

- **KOS – kontak my gerus vir die behoeftes**
- **Toiletware -**
- **Warmgoed vir die winter**
- **Plastiese sakke en houers, bottels**